Kort Oorsig van die Geskiedenis van ons Franse Voorouers

deur Prof Casper Labuschagne

'n Eerdere versie van hierdie opstel het verskyn as "Oorsig van die geskiedenis van ons Franse voorouers", Hugenote Vereniging van Suid-Afrika, *Bulletin* 44, 2007, p. 61-65.

Daar is maar min Suid-Afrikaanse Hugenotefamilies wat soveel informasie het oor hulle Protestantse Franse voorouers as die Labuschagnes. Ons is in die gelukkige posisie dat ons dokumentêre gegewens het oor die herkoms van ons Franse stamvader *Pierre Labuscaigne* uit Bergerac, sy vlug na Nederland, sy aankoms in Amsterdam, sy verblyf in Enkhuizen en sy vertrek na die Kaap de Goede Hoop in 1711. Ons weet wie sy oupa en ouma was, sy vader en moeder, sy broers en susters, sy ooms en tantes, neefs en niggies. Ook het ons die nodige informasie oor ons stammoeder *Maria Anna Bacot*, afkomstig uit Leeuwarden in Friesland, haar Franse vader en Nederlandse moeder, haar broer en susters, haar huwelik met Pierre, hulle drie kinders, wat almal in Enkhuizen gebore is, en haar vertrek na die Kaap in 1717.

Pierre is in Bergerac aan die Dordognerivier gebore en gedoop op 23 September 1675 as die sesde van die tien kinders van *Estienne Labuscaigne* en *Suzanne Fredet*. Sy oupa, Abram, en sy ouma Jeanne Artieu, het in Monbazillac gewoon, by die beroemde kasteel met dieselfde naam, 8 km suid van Bergerac, waar Abram ouderling was van die Protestantse kerk. Pierre se vader en sy oom Isaac het hulle egter in Bergerac gevestig as kleremakers, 'n vak wat ook Pierre later in Nederland sou gaan beoefen. Hy is dus afkomstig uit 'n kleremakersfamilie en vermoedelik was sy oupa ook al 'n kleremaker.

Die mees resente navorsing in Frankryk (2010) het interessante informasie aan die lig gebring oor die herkoms van van ons familienaam en oor de oorspronklike woonplek van Pierre se oupa, Abram Labuscagne. Ons weet nou dat ons familienaam ontleen is aan 'n dorpie Labuscagne (ook La Buscagne gespel) in die Departement Lot-et-Garonne, ongeveer 120 km suid van Bergerac, waar ons familie ongetwyfeld oorspronklik vandaan gekom het.

Met aan sekerheid grensende waarskynlikheid is Abram Labuscagne afkomstig van 'n plaas Pontacq naby die dorp Escassefort (50 km suid van Bergerac), wat sy ouers gehuur het van die adellike familie Pontac. Op die plaas is teenswoordig 'n murasie wat nog steeds bekend staan as Pontacq. Dit is seker nie 'n oorblyfsel van die huis waar Abram se ouers gewoon het nie, maar een van die laaste boerebedrywe wat daar in die loop van die eeue gestaan het. Dit is na hierdie Pontacq waar Pierre sy lappie grond in Paarl na vernoem het. Tydens die godsdiensoorlog wat in 1629 in daardie omgewing gewoed het, het Abram, saam met sy broer Isaac en sy suster Suzanne, daarvandaan gevlug en 'n heenkome gevind in Monbazillac. Wat van hulle ouers en ander familielede geword het weet ons nie.

Die stad Bergerac en die kastele van Hugenote in die omgewing, soos Château Monbazillac, was in dié tyd 'n belangrike Protestantse bolwerk, waar tienduisende Hugenote gewoon het. Toe die gruwelike vervolging van die Protestante, selfs vóór die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, in hewigheid en wreedheid toegeneem het, het duisende mense gevlug en nogmaals duisende 'Katoliek' geword om in lewe te bly. Die Protestantse kerkgebou in Bergerac is in 1682 op las van Lodewyk XIV met die grond gelyk gemaak en al die predikante moes die stad noodgedwonge verlaat. Baie ongetroude jong mense en bemiddelde families het daarin geslaag om Frankryk te ontvlug. Wie nie kon wegkom nie moes daar die konsekwensies van aanvaar: óf as martelaars sterf, óf hul geloof offisieel afsweer om te oorleef en hul kinders in lewe te hou. Pierre se neef Samson het in 1692 geprobeer om via Switserland die geweld in Frankryk te ontvlug, maar is vlak voor die Switserse grens gevange geneem en tot die galeie veroordeel. Oor hierdie geloofsheld het ons heelwat informasie.

Pierre self het in 1696, toe hy byna 21 was, Samson se voorbeeld gevolg en daarin geslaag om via Duitsland Nederland te bereik, die land by uitstek van godsdiensvryheid. Frankfurt aan die

© 2011 Casper Labuschagne, Haren (Gn), Nederland. E-Pos: labuschagne.cj@gmail.com Bygewerk 3-5-2011

Mainrivier was in dié tyd ’n belangrike eerste vlugdoel van Hugenote oor die Franse grens. Daar het die Franse Protestantse Kerk tienduisende Hugenote opgevang, geregistreer en gehelp om verder te reis na Nederland, Engeland, elders in Duitsland en na die Skandinawiese lande. Onder die vlugtelinge van die jaar 1696 word die naam van *Pierre Labuscagne uit Bergerac* vermeld. Hy het iewers in die omgewing van Frankfurt ongeveer ’n jaar gebly en gedurende dié tyd lidmaat geword van die Franse kerk. ’n Jaar later, op 28 Julie 1697, het hy in Amsterdam aangekom, waar hy as vlugteling geregistreer en ingeskryf is as belydende lidmaat van die Waalse (Franse) Hervormde Gemeente.

Ruim ’n jaar later, op 6 Oktober 1698, is hy daar as lidmaat uitgeskryf en het hy hom in Enkhuizen aan die Zuiderzee as kleremaker gaan vestig, vermoedelik op uitnodiging van Hugenote wat daar vanaf 1686 ’n heenkome gevind het. Die Franse vlugtelinge is daar, soos elders in die Nederlande, liefdevol ontvang en kon as ’n aparte Franssprekende gemeente deel uitmaak van die Nederduitse Kerk, met ’n eie kerkplek en ’n eie predikant, Dominee Pierre Roufrange. Hy was een van die seshonderd predikante wat na die herroeping van die Edik van Nantes Frankryk gedwonge moes verlaat en waarvan meer as driehonderd na Nederland uitgewyk het. Netsoos ses ander vlugtelinge in Enkhuizen, was ds. Roufrange afkomstig uit dieselfde streek as Pierre. Dit het daar seker toe bygedra om Pierre in Nederland tuis te laat voel, na al die verskrikkinge wat hy in Bergerac meegemaak het en die ontberinge tydens sy vlug. Hy was nou in ’n vry land, had werk en kon ’n nuwe bestaan opbou en ’n gesin stig.

In die klein Franse gemeenskap in Enkhuizen, waar almal mekaar geken het, het Pierre al spoedig kennis gemaak met ’n meisie uit Leeuwarden, wie se stiefsuster in Enkhuizen gewoon het en getroud was met ’n vriend van Pierre. Haar naam was *Marie Anne Bacot*, gebore op 2 Maart 1679 uit die huwelik van die Hugenoot François Bacot, uit Tours in Frankryk, en Josine Hulscher, uit Groningen. Daaruit kan ons aflei dat Marie Anne tweetalig was: zowel Nerderlands- as Franssprekend, en dat sy Pierre kon help om die Nederlandse taal gou onder die knie te kry.

Pierre en Marie Anne is op Vrydag 3 Augustus 1703 in die Westerkerk in Leeuwarden getroud, nadat hulle gebooie drie agtereenvolgende Sondae in Enkhuizen afgekondig is en hulle toestemming gekry het om in Leeuwarden te trou. Marie Anne en haar ouers was naamlik lidmate van die Nederduitse Kerk in die Friese hoofstad. Van al die plegtighede is daar dokumentêre bewyse gevind in die argiewe van beide stede. Gelukkig het die dokumente wat op Pierre betrekking het in die argief van die Franse Gemeente in Enkhuizen nie verlore geraak nie. Daardeur het ons onder andere die oorspronklike doopinskrywinge van die drie kinders van Pierre en Anne Marie: *Jeanne Bernardine*, gebore en gedoop op Sondag 13 Julie 1704, *Jean*, gebore op 16 Oktober en gedoop op 17 Oktober 1706, en *François*, gebore op 6 Oktober en gedoop op 7 Oktober 1708. *Jeanne Bernardine* sou in die Kaap die stammoeder word van die Maritze en *Jean* die stamvader van al sy nasate in die manlike afstammingslyn wat die naam Labuscagne, Labuscaigne, Labuschagne en ander variante dra. *François* is op jeugdige leeftyd oorlede en het geen nakomelinge nagelaat nie.

Ons is ook in die gelukkige posisie om te weet waar die familie Labuscaigne in Enkhuizen gewoon het: in Torenstraat, ’n straatjie wat uitloop op die plein van die statige Zuiderkerk. Die presiese rede waarom Pierre in diens getree het van die Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC), en daardeur in die Kaap de Goede Hoop beland het, is nie bekend nie. Maar dit lê voor die hand om dit toe te skryf aan ekonomiese omstandighede. Reeds in die tweede helfte van die 17de eeu het Enkhuizen ’n ekonomiese neergang beleef, veral deur die sterke konkurrerensie van Amsterdam as bloeiende stad van handel in Noord-Nederland. Die verwagte groei van Enkhuizen, veral ook deur die koms van Franse vlugtelinge, het uitgebly. Die stad is dikwels geteister deur oorstromings en een van die belangrikste industrieë van die stad, die vissery, het veel te kampe gehad met seerowery en plundering van vissersbote.

© 2011 Casper Labuschagne, Haren (Gn), Nederland. E-Pos: labuschagne.cj@gmail.com Bygewerk 3-5-2011

Dit het seker nie meer so goed gegaan met Pierre se kleremakery nie, daarom het hy besluit om ander werk te soek. By die grootste werkgewer van die tyd, die Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC), het hy ’n aanstelling gekry as ‘tamboer’ op een van die skepe. Sy taak sou wees om die seine te gee vir die wisseling van die wag en om die bemanning op te roep om aan te tree om bevele van die kaptein te ontvang. Op 11 Januarie 1711 het hy aan boord gegaan van die VOC-skip die Brug op weg na Batavia in Oos-Indië via Kaap de Goede Hoop.

Dit was nooit sy bedoeling om in die Kaap agter te bly nie, maar toe hy daar aangekom het op 14 Mei 1711 was hy siek en moes in die hospitaal opgeneem word. Deur omstandighede het hy nooit meer na Nederland teruggekeer nie, maar in die Kaap ’n nuwe lewe begin, eers as onderwyser en later as bode en koster. In 1717 het sy vrou en die kinders hulle by hom aangesluit. In 1723 het hy ’n stukkie grond in Paarl toegewys gekry wat hy Pontac genoem het. Teenswoordig is dit ’n vakansie-oord, met ’n luukse hotel en restourant: Pontac Manor.

Vir my uitgebreide verhaal oor die geskiedenis van ons Franse voorouers word die leser verwys na die Gedenkboek gepubliseer op 14 Mei 2011 ter herdenking van die 300-jarige bestaan van ons familie in Suid-Afrika, onder die titel:

Die Franse Voorouers van die Labuschagne Familie
Gedenkboek van ons familieplanting in Suid-Afrika
deur
Prof Casper Jeremia Labuschagne

Die Gedenkboek – ook op CD verkygbaar – is uitgegee deur die Labuschagne Familiebond. Gaan kyk op: www.labuschagnebond.co.za/

© 2011 Casper Labuschagne, Haren (Gn), Nederland. E-Pos: labuschagne.cj@gmail.com Bygewerk 3-5-2011